



## DIE STRANDLOPER

Hierdie is die sewende verslag vir 2020.

### POLITIEK

- Die rekord VSA Covid-19 pandemie infeksies en sterftes, sowel as die rekord tweede kwartaal negatiewe ekonomiese groeikoers, dui daarop dat president Donald Trump die November presidensiële verkiesing sal verloor. Maar hou in gedagte dat niemand in 2016 hom 'n kans gegee het om die verkiesing te wen nie en die ekonomie in die res van die jaar na verwagting beter sal vertoon.
- Gelukkig hoef presidente Xi Jinping en Wladimir Poetin nie weer 'n verkiesing te veg gedurende hulle politieke loopbaan nie, want die eersgenoemde is lewenslank president en laasgenoemde tot 2036. Alles bly baie stabiel en demokraties!
- Ek is ongelukkig nie heeltemal seker oor die posisie van die Groot Leier van Noord-Korea nie. Maar gegewe die foto's van 'n ietwat oorgewig leier en nuus oor die eerste koronavirus geval in sy land, kan selfs 'n lewenslange leierskap van baie korte duur wees.
- Gegewe die skerp toename in plaaslike infeksies, kan die defacto president van Suid-Afrika dalk 'n gewigsverliesprogram oorweeg.
- Wat tans met die koronavirus infeksies in Afrika gebeur, bly 'n raaskoot. Maar gegewe die swak gesondheidsfasiliteite in baie lande, kan die sterftesyfer in komende weke en maande skerp styg. Of help die voortgesette stryd van die kontinent teen malaria en ander infeksies ook in die stryd teen die koronavirus?
- Terselfdertyd bly mens bekommerd oor die veiligheidsituasie in baie lande – en nie die minste nie oor die situasie in noordelike Mosambiek en ons poreuse grense met ons buurland(e).
- Die krisis in Zimbabwe is steeds besig om verder te verdiep. Gelukkig vir die Zimbabwiërs wat van dié onhoudbare situasie vlug, is die onlangs opgerigte Limpopo-grensdraad, genoegsaam geknip om maklike toegang tot Suid-Afrika te verleen. Alhoewel werkseleenthede in Suid-Afrika vinnig besig is om te verdwyn, sal mense wat bereid is om te werk altyd iets vind om te doen – selfs al is dit net om onwettige sigarette oor die grens te smokkel.
- Weer eens, onthou dat die veiligste wyse waarop die koronavirus hanteer kan word, is om jou hande te was, om 'n masker te dra, selfs al ry jy in jou motor soam met net jou vrou/man en om weg te bly van familie en vriende – besoek net jou vyande al is hulle ook net verklaarde vyande. Ek dink dit sal ook van toepassing wees tydens die Desember vakansie, maar asseblief, moet nou nie almal poog om dié vakansie met die defacto president van die land deur te bring nie!



## INTERNASIONAAL

- Die aanduidings is dat die tweede kwartaal van 2020 die trog van die huidige resessie was wat deur die wêreld gesondheidskrisis, veroorsaak is. Dit word verwag dat die tweede helfte van 2020 beter groei kan toon.
- Terselfdertyd bestaan daar wel angstigheid dat 'n tweede golf van infeksies die wêreld ekonomiese groeikoers negatief kan beïnvloed deur verdere inperkings voordat 'n teenmiddel teen die voortdurende muterende virus ontwikkel word.
- Sentrale banke het die negatiewe impak van die pandemie teengewerk deur rentekoerse selfs verder te verlaag, asook deur hul optrede in die finansiële markte deur byvoorbeeld die aankoop van staatseffekte. Terselfdertyd het regerings groot fiskale stimulus pakkette aangekondig en het groot bedrae geld bestee of het belastings verminder. In die langer termyn beteken dit dat die skuldsituasie van baie lande skerp verswak, behalwe indien hulle daarin slaag om mettertyd staatsuitgawes te beperk of sterk ekonomiese groei te bewerkstellig.
- Vooruitskattings dui daarop dat die wêreldekonomie in 2020 met net meer as 4% sal krimp en met sowat 5% in 2021 sal groei. Die jongste vooruitskattings is dat die VSA ekonomie meer as 5% negatiewe groei in 2020 sal toon, die VK negatiewe groei van amper 9%, die Eurogebied negatiewe groei van sowat 6.5%, Duitsland negatiewe groei van net minder as 5%, Japan negatiewe groei van net meer as 6%. Vooruitskattings is dat China positiewe groei van sowat 2.5% in 2020 kan toon.
- Terselfdertyd word beraam dat al die bogenoemde lande in 2021 positiewe groei sal toon en dat dit in die geval van China selfs meer as 8% kan wees.
- VSA werkloosheid is tans 10.2%, maar word verwag om in komende maande matig te verbeter. Die verwagting is egter dat dit lank sal duur voordat die voor-pandemie vlak van 3.5% gehaal sal word. Alhoewel werkloosheid in ander ontwikkelde lande nie tot dieselfde mate gestyg het nie, bly werkloosheid 'n bekommernis in baie lande. Die jongste werkloosheidsyfers is: VSA 10.2%, VK 3.9%, Eurogebied 7.8%, Duitsland 4.2%, Japan 2.8%, China 5.7%.
- Terselfdertyd word verwag dat inflasie in die res van die jaar slegs matig in al die ontwikkelde lande sal styg en dat dit waarskynlik in die volgende twee jaar – of selfs langer – nie 'n ernstige probleem sal word nie. Die jongste inflasiesyfers is: VSA 0.6%, VK 0.6%, Eurogebied 0.4%, Duitsland – 0.10%, Japan 0.10%, China 2.5%.
- Gegewe die swak groeivoorsigte vir 2020, die bekommernis oor werkloosheid en lae inflasiekoerse vir 'n lang tydperk, is die aanduiding dat korttermynrentekoerse op huidige vlakke kan bly vir minstens die volgende twee jaar.
- Dieselfde geld vir langtermynrentekoerse wat volgens die vooruitskattings van baie kommentators vir selfs die volgende twee jaar op die huidige vlakke kan bly. Op 31/7/2020 het die VSA tienjaarstaatseffekte teen 0.54% verhandel (0.68% op 1/7/20), VK tienjaareffekte teen 0.11% (0.21% op 1/7/20), Duitse tienjaareffekte teen –0.53% (–0.39% op 1/7/20), Japanese effekte teen 0.02% (0.05% op 1/7/20), en Chinese effekte teen 2.98% (2.89% op 1/7/20).
- Algemene kommoditeitspryse het meestal in die afgelope maand prysstygings getoon. Sink het met 13.4% gestyg, rodium styg 11.25%, ystererts styg 11.1%, palladium styg 9.8% en selfs steenkool styg matig met 0.2%. Aanduidings dat die wêreldekonomie verbeter en dat die Chinese ekonomie vinniger herstel as wat verwag was, ondersteun hierdie algemene kommoditeitspryse.
- Goud skitter steeds met 'n maandelikse styging van 11.52% en 'n styging van 36.55%



oor die afgelope jaar. Dit word ondersteun deur die algemeen swakker dollar, oorgenoeg likiditeit in finansiële markte, stygende politieke spanning tussen die VSA en China asook aanduidings dat internasionale rentekoerse waarskynlik sywaarts sal beweeg in die volgende twee jaar. Die onsekerheid rakende die VSA presidensiële verkiesing speel ook 'n rol in die goeie vertoning van die goudprys.

- In die afgelope maand het die Brent ruolieprys matig met 3.9% gestyg. Oor die afgelope jaar het hierdie prys met 27.9% gedaal. Die prys word ondersteun deur die aanduidings van beter wêreld ekonomiese groei in die res van die jaar, voortgesette beperkings op die produksie van olie deur die OPUL lande en Rusland, die daling in VSA olieproduksie. OPUL en Rusland het wel aangedui dat hulle die beperkings op olieproduksie vanaf Augustus sal verminder. Dit dui daarop dat die olieprys in die res van die jaar matig kan verswak.

## PLAASLIK

- Baie sektore van die plaaslike ekonomie word steeds ingeperk deur die regering se reëls en regulasies. Dit bly baie moeilik om die omvang van die skade aan die ekonomiese groei koers vas te stel wat deur die inperkings veroorsaak word, want dit is onduidelik wanneer sommige van hierdie inperkings verwyder sal word en hoeveel sakeondernemings hierdie inperkings sal oorleef. Dit is ook baie moeilik om te bepaal hoeveel persone in klein- en mediumsakeondernemings hul werk sal verloor weens die poging van hierdie besighede om finansiëel te oorleef. Verder is daar steeds die risiko dat 'n tweede golf van infeksies tot verdere inperkings kan lei.
- Meeste vooruitskattings wissel tussen negatiewe groei van 6% tot 9% vir 2020 en positiewe groei van tussen 2% en 4% vir 2021.

- In Junie is 'n rekord handelsurplus van R46.63 miljard aangeteken. Dit weerspieël die afname van 32.8% j-o-j (jaar-op-jaar) afname in invoere terwyl uitvoere met 9.8% j-o-j gestyg het. Dit bring die surplus vir die eerste ses maande van die jaar op R63.07 miljard teenoor die R4.47 miljard tekort in die ooreenstemmende tydperk verlede jaar te staan. Die daling in invoere weerspieël die impak van die binnelandse resessie asook die daling in die internasionale olieprys. Die styging in uitvoere weerspieël die styging in onder andere die goudprys oor die afgelope jaar asook die verbetering in die uitvoere van sommige ander algemene kommoditeitspryse en aanduidings van uitstekende sitrusuitvoere. Huidige aanduidings is dat die lopenderekening van die betalingsbalans vanjaar 'n baie klein tekort of selfs 'n klein surplus kan toon.
- Ongelukkig is die fiskale situasie nie so gunstig soos die betalingsbalans nie en 'n tekort van sowat 15% van die bruto binnelandse produk (BBP) word in die huidige fiskale jaar verwag. Die poging om die staatsuitgawes in die huidige en daaropvolgende fiskale jare te beperk, hang veral daarvan af of die politieke wil by die regerende party bestaan om dit te doen – veral in die lig van die noodsaak om salaris- en loonuitgawes te besnoei voor die 2021 munisipale verkiesing. Of die regering daarin sal slaag om korrupsie en wanbesteding onder beheer te bring, is nog te besien. Of die finansiële en bestuursuitdagings by staatsondernemings in die volgende twee tot drie jaar behoorlik aangespreek sal word, is ook onseker. Die grootste en feitlik onoplosbare finansiële en bestuursprobleme is by munisipaliteite aanwesig en daar is ongelukkig feitlik geen lig in hierdie tonnel te sien nie.
- Dit word verwag dat werkloosheid in komende maande en jare verder sal styg.



Dit sal waarskynlik tot hoër vlakke van sosiale onrus en misdaad lei. Die huidige krisis in die basiese onderwysstelsel sal waarskynlik tot verdere toekomstige stygings in werkloosheid lei.

- Inflasie bly goed onder beheer met die jongste syfer vir Junie 2.2%. Huidige vooruitskattings dui aan dat die gemiddelde inflasiekoers vir vanjaar net meer as 3% sal wees en minder as 4% in 2021. Een van die belangrike faktore wat tot hierdie lae inflasie bydra, is die lae internasionale olieprys. Terselfdertyd word verwag dat voedselpryse ook onder beheer sal bly gedurende hierdie periode.
- Gegewe die inflasievoorsigte, die swak ekonomiese groei asook die onaanvaarbare werkloosheidsvlakke, word verwag dat korttermynrentekoerse op huidige of selfs laer vlakke in die volgende twaalf tot agttien maande sal bly. Terselfdertyd sal die Reserwebank baie versigtig wees om rentekoerse verder te verlaag, gegewe die onsekere fiskale vooruitsigte asook die noodsaak van verdere buitelandse kapitaalinvloei om in die groot en stygende finansieringsbehoefte van die openbare sektor te voorsien.
- Langtermynrentekoerse het in die afgelope maand sywaarts beweeg met tienjaarstaatseffekte wat op 31/7/2020 teen 9.25% verhandel het teenoor die 9.21% op 1/7/20. Die Reserwebank speel wel 'n rol om hierdie koerse te stabiliseer, maar hulle word ook beïnvloed deur die positiewe inflasietendens asook die feit dat plaaslike langtermynkoerse aansienlik hoër is as internasionale rentekoerse. (Ongelukkig bly die wisselvallige rand 'n risiko vir elke internasionale belegger in die kapitaalmark.) Hierdie koerse kan opwaartse druk ervaar indien die regering nie daarin slaag om die begrotingstekort onder beheer te bring nie en die vraag na

langtermynfinansiering, veral vanuit die openbare sektor aanhou styg. Verdere kredietafgraderings, selfs voor die einde van die jaar, kan ook hierdie koerse onder opwaartse druk plaas.

- Die rand bly baie wisselvallig. Dit word steeds beïnvloed deur enige onsekerheid ten opsigte van ontlukende lande, die vertoning van die dollar, die onsekerhede wat deur die inperkings veroorsaak word, stygende fiskale tekorte en die gevolglike stygende staatskuld en die risiko dat dit tot verdere kredietafgraderings kan lei, politieke onsekerhede rakende die onteiening van eiendom sonder vergoeding, asook die implementering van die onbekostigbare Nasionale Gesondheidsversekeringskema, die risiko van verdere kapitaaluitvloei. Die rand vind steeds beperkte ondersteuning van die rentekoersverskille tussen plaaslike en internasionale rentekoerse asook die steeds goed funksionerende finansiële stelsel.

## BELEGGINGSOMGEWING

- In die algemeen word aanvaar dat die onderste draaipunt van die huidige resessie in die tweede kwartaal van 2020 bereik is. Of 'n verdere insinking sal plaasvind is tans slegs 'n raaiskoot gegewe die huidige toename in Covid-19 infeksies in baie lande.
- Internasionale finansiële en kommoditeitsmarkte word steeds beïnvloed deur die onsekerhede rakende die Covid-19 pandemie en die impak wat dit op die groei van die wêreld ekonomie en sekere lande het.
- Korttermynrentekoerse in ontwikkelde lande sal waarskynlik in minstens die volgende twaalf tot agttien maande sywaarts beweeg. Indien die ekonomiese herstel matig is en inflasie onder beheer bly, mag



- dit wees dat hierdie koerse selfs langer as twee jaar sywaarts beweeg.
- Langtermynrentekoerse in ontwikkelde lande sal waarskynlik ook meestal sywaarts beweeg in die volgende twaalf tot agttien maande gegewe die vooruitsig van matige groei en lae inflasie.
  - Internasionale aandelebeurse is ook wisselvallig, gegewe die onsekerheid rakende die Covid-19 pandemie en sy invloed op wêreld ekonomiese groei. Aandelebeurse baat by die huidige en verwagte lae rentekoerse. Sekere sektore soos die tegnologie maatskappye toon tans rekord winste, terwyl ander soos lugdienste en toerisme in die moeilikheid bly en vir oorlewing veg.
  - Algemene kommoditeitspryse word beïnvloed deur aanduidings van beter groei of deur vrese dat koronavirus infeksies styg. Kommoditeitspryse word veral beïnvloed deur die spesifieke vraag- en aanbodsituasie van elke kommoditeit.
  - Die goudprys baat steeds by die lae en verwagte lae rentekoerse, voldoende likiditeit in finansiële markte sowel as by politieke spanning. Hierdie onderliggende faktore sal vir geruime tyd aanwesig bly, maar winsneming kan plaasvind weens die sterk styging van die goudprys in die afgelope tyd.
  - Die internasionale olieprys word ook deur die toename of afname van die koronavirus pandemie wat groei beperk of ondersteun, beïnvloed. Toename in die olieproduksie van die OPUL lande en Rusland kan enige styging van die olieprys in komende maande beperk.
  - In die afgelope maand het die dollar teenoor die meeste belangrike geldeenhede verswak weens byvoorbeeld die verwagting dat die Eurogebied se ekonomie in die tweede helfte van die jaar vinniger sal herstel as die VSA ekonomie. Tans is VSA rentekoerse hoër as die in Europa.
  - Plaaslike korttermynrentekoerse word verwag om sywaarts te beweeg tot minstens die einde van 2021. Die risiko is dat rentekoerse nog verder in hierdie periode verlaag kan word.
  - Plaaslike langkoerse het oor die afgelope maand sywaarts beweeg. Gegewe die groot finansieringsvraag vanuit die openbare sektor, sowel as die risiko van verdere kredietafgraderings, kan hierdie koerse onder opwaartse druk kom. Die swak vertoning van die ekonomie asook die inflasiekoers wat goed onder beheer bly, sal enige opwaartse beweging beperk.
  - Die plaaslike aandelebeurs word beïnvloed deur internasionale tendense, ontwikkelings rakende die Covid-19 pandemie, die swak vertoning van die plaaslike ekonomie wat maatskappywinste en dividende affekteer, die uitvloeï van kapitaal asook politieke onsekerhede. Aandelepryse baat by lae rentekoerse asook voldoende likiditeit. Die aandelebeurs het oor die afgelope maand verdere herstel getoon. Die bogenoemde faktore sal in komende maande waarskynlik steeds bewegings op die aandelebeurs beïnvloed.
  - Die rand bly wisselvallig met 'n swakker langtermyn tendens teenoor alle belangrike geldeenhede.

Ulrich Joubert

6 Augustus 2020.

Hoewel moeitegedoen is om hierdie dokument so noukeurig moontlik optestel, aanvaar die opsteller hiervan geen verantwoordelikheid vir die besluite wat op grond van die inligting hieringeneem word nie.



Kontaktbesonderhede: [ulrich.joubert@gmail.com](mailto:ulrich.joubert@gmail.com) | sel: 083 458 1370

